# RHS swem vir 'n wen



RHS se swemspan.

**Rustenburg** – Hoërskool Rustenburg (RHS) het op 26 Februarie aan die sweminterhoër teen Brits, Harties, Lichtenburg, Potchefstroom Girls High, Potchefstroom Gimnasium en Bergsig Akademie deelgeneem.

Baie geluk aan die swemmers wat as algehele wenners aangewys is. Jana Coetze is ook aangewys as Senior Victrix Ludorum en Pieter Coetze as Junior Victor Ludorum.

# BERGSIG SKITTER OP DIE ATLETIEKVELD




Bergsig Akademie se interhoër atletiekspan.

**Rustenburg** – Tydens vanjaar se interhoër atletiekdag op 13 Februarie het Bergsig Akademie groot opslae gemaak tydens die interhoër in Ruimsig. Ondersteuners het in hulle massas opgedaag om die atlete aan te moedig.

Bergsig verower 25 goue medaljes, 17 silwer medaljes, en 22 brons medaljes tydens die geleentheid.

# NEWRAK IMPALA GETTING READY FOR THE GOLD CUP

**Rustenburg** – The spotlight is on Newrak Impala Rugby Club, gearing up for the 1st match in the Gold Cup, taking place on Saturday 9 March at Ruimsig against Roodeport Rugby Club.

The Gold Cup, running for its sixth year, is SA Rugby's flagship national championship for non-university clubs.

# LEARNERS PROUDLY REPRESENTING THE RCL

**Rustenburg** – Congratulations to the following learners, who have been elected to represent the representative council of learners (RCL) on Grenville Secondary School's governing body for 2019. They are: Temoso Kekana: chairperson, Kelebogile Mathibe: vice chairperson, Louisa Molebeleli: secretary, and Oratile Sithole: treasurer.



RCL representatives from left: Temoso Kekana, Kelebogile Mathibe, Louisa Molebeleli and Oratile Sithole.

# WEEK 3
## 2019 SUPERUGBY

**Hurricanes vs Brumbies**

Die Canes het onder leiding van Dane Coles uit die as opgestaan en verwoes die Brumbies in Palmerston North met 43-13. Die vurige All Black haker het gewys hy is weer oorgehaal vir groot *ruggas* en sal beslis een van die Kiwi hakers vir die Wêreld Beker wil wees.

Die Canes draf volgende teen die Highlanders in Wellington uit met die Brumbies wat in 'n straatgeveg gewikkel gaan wees teen die Rebels in Melbourne.

**Rebels vs Highlanders**

Die Rebels verras tot hul getrouste ondersteuners en klop die Highlanders 24-19 in Melbourne. Skielik lyk dit asof die Kiwi oorheersing so effe aan die verslap is ou grote. Die Highlanders het weliswaar in die doodsnikke die bal verloor oor die doellyn. Die telbord lieg egter nie en die Rebelle vier seker nou nog fees.

Die Highlanders het 'n *tawwe game* wat wag teen die Canes in Wellington met die Rebelle wat in 'n Aussie derby teen die Brumbies gaan uitdraf.

**Chiefs vs Sunwolves**

Die Wolwe se oorwinningstjank weergalm seker nou nog in die ore van die Chiefs ou grote. Die oorwinning van die Wolwe oor die Chiefs is beslis die Superskok van alle tye. Nie net klop die Japanners die Nieu-Seelanders in Hamilton nie, hulle wen 30-15!

Die Chiefs se seisoen het nie goed begin nie. Na hul nederlaag met die Japanners draf hulle volgende teen die onoorwonne Saders in Christchurch uit. Die Sunwolwes gaan in Albany teen die Blues kragte meet.

**Reds vs Crusaders**

Die Crusaders moes hard werk vir hulle oorwinning in Brisbane teen die Reds en wen 22-12. Die Saders het nie regtig oortuig nie... Maar om agtien agtereenvolgende *games* in die Superreeks as die oorwinnaars van die veld te stap, sit ook nou nie in enige broek nie ou grote. Die All Black *cappie* Kieran Read gaan ook dan sy verskyning maak in 2019 teen die Chiefs in Christchurch. Die Reds gaan in Sydney teen die Waratahs uitdraf.

**Leeus vs Bulle**

Die jukskei derby het toe 'n eensydige affêre geword met die Bulle wat die Leeus se sterte gekoop het om met 30-12 te seëvier in Johannesburg ou grote. Die Bulle se vories was op die dag net een te veel vir die Leeus en het hulle laat knor in die vaste fasette.

Die hoogtepunt van die dag was die skitterspel van Handré Pollard wat ook die *cappie* op die dag was. Pollard het op losskakel, spel van topgehalte gelewer en is ook welverdiend as speler van die wedstryd aangewys. Sy visie en oordeel het mens laat terugdink aan die blonde bom, net een verskil... Pollie is 'n groot *tackler*. Pollard gaan ook nou vir die res van die seisoen die Bulle se *cappie* wees met ou groot Lood wat jammerlik sy skouer sodanig beseer het en vir vier tot ses maande buite aksie gaan wees. Wat 'n bekommernis in die Leeukamp moet wees...

Die Bulle speel volgende teen die Haaie op Fort Loftus met die Leeus wat teen die Jaguares in Johannesburg gaan uitdraf.

**Haaie vs Stormers**

Die Haaie het verdien om te verloor teen die Stormers in Durban. Die Kapenaars wen 'n belangrike *game* vir hulle reis in die toernooi 16-11. Die terugkeer van die ysterboelie Eben was net wat die Haaie nie wou gehad het nie, maar in die *race* is daar nie plek vir sussies nie. Etzebeth was 'n kolos en saam sy voorste drie het hulle die Haaie karnuffel.

Die Haaie speel volgende teen die Bulle in Pretoria en Stormers het dan 'n welverdiende loslootjie.

**Jaguares vs Blues**

In Buenos Aires wen die Argentyne hierdie spannende *game* 23-19 teen die Blues. Die Blues se treurmare steek weer kers op soos verlede jaar en sal regtig 'n groot ommeswaai in hulle strategie moet aanpas om nie weer in skande gedompel te word nie.

Die Jaguares reis Johannesburg toe om teen die Leeus uit te draf met die Blues wat in Albany teen die Sunwolwes gaan uitdraf.

**Nag ou grote...**

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Jo Black "Live" | 8 Mar '19 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | events@hedgehogsnest.co.za |
| Newrak Impala Rugby Club Gold Cup | 9 Mar '19 | Roodepoort: Ruimsig | 082-926-8403 | naas.olivier@newrak.co.za |
| Sunrise to Sunset 100km Magalies Biosphere Woman's Walk | 20-23 Mar '19 | RTB: Magalies Biosphere | 081-817-9416 | rustenburg.rata@gmail.com |
| Timeout | 30 Mar '19 | Koster: NWK Hall | 067-119-5885 | imakhobela18@gmail.com |
| High Tea Women's Encounter | 1-2 Mar '19 | RTB: His Vision Church | 087-805-9374 | office@hisvision.co.za |
| Rustenburg Hoërskool Bullseye and 3D Kompetisie | 9 Mar '19 | RTB: Rustenburg Hoërskool | 014 592 1365/6 | rhs@hsrtb.co.za |
| Go "bos" with Jack Parow during Ult.X at Sun City | 15-17 Mar '19 | PHOKENG: Sun City Resort | 011-780-7800 | azelle@themailroom.co.za |